

1 Desember

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 14:20-33
Fokusgedeelte: NGB, Art 32

Die noodsaak van 'n kerkorde

Ons Skrifgedeelte neem ons terug na 'n tyd toe die kerk nog nie die Bybel gehad het nie. Die Ou Testament en enkele briewe van die apostels was wel beskikbaar, asook mondelinge oorlewerings oor Jesus se optrede deur ooggetuies. Maar 'n volledige Bybel, soos ons dit tans ken, was daar nog nie. In hierdie tyd het die Heilige Gees op 'n spesiale manier gesorg dat God se Woord tydens eredienste gehoor word. Onder die Gees se inspirasie het sommige lidmate God se boodskap in 'n ongewone taal ontvang en gepraat. Ander lidmate het die gawe gekry om hierdie tale te “vertaal” (vers 27) en nog ander het die gawe gekry om die “vertaalde” boodskap toe te pas (vers 29). Opmerklik hoe Paulus in ons Skrifgedeelte spesiale voorsorg tref dat hierdie hele proses ORDELIK moet plaasvind. Selfs waar daar dinge plaasvind wat buite 'n mens se verstand om gaan, tref Paulus bepaalde reëlins (vers 28). Waarom hierdie klem op orde? Word die Gees se werking nie hierdeur ingeperk of belemmer nie?

Paulus self gee drie redes waarom orde noodsaaklik is: 1) Buitestanders moet kan verstaan wat in die samekomste van die gemeente aangaan (vers 23-25). 2) Die hele gemeente (nie net een of twee lidmate nie) moet opgebou word deur dit wat in die samekomste gebeur (vers 26). 3) Die belangrikste rede lê egter in God self. God is nie 'n God van wanorde nie (vers 33)!

Om dieselfde redes is ordereëlins ('n kerkorde) onder gelowiges vandag nog belangrik – nie om die Gees se werking te belemmer nie, maar juis om die wonderlike vrede en vrug van God se teenwoordigheid te dien. God is immers 'n God van orde ÉN van vrede (vers 33)!

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)